POSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

11 April 2010

WELKOM

Die Gereformeerde Kerk Benoni wil graag al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon, hartlik verwelkom. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d. Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

DIENSTYE

Oggenddiens: 09:00
Jeug: 17:00 (nie tydens skoolvakansies nie)
Aanddiens: 18:30

DIENSBEURTE

Hierdie week: Wyke 25, 26, 27, 28
Volgende week: Wyke 29,30,31,32

OP DIE WEB

Lidmate word aangemoedig om ons webblad te besoek (www.gkbenoni.co.za). Daar is 'n meningspeiling oor die jeugdienste gedurende skoolvakansies. Laat gerus van jou hoor! Preke is ook beskikbaar op die werf, preke op CD kan ook bestel word, vormpies is by die deure beskikbaar. Kyk uit vir die "Hartklop" – 'n kwartaallikse nuusblad oor gemeente-aktiwiteite.

GEMEENTEKAMP

Ons kamp by Mopani Lodge (23 – 27 Apr.) kom nader. Gemeentelede wat bespreek en nog nie betaal het nie, word versoek om hul betalings so gou moontlik te doen. Indien dit in die kerk se rekening betaal word, merk dit "kamp". Kontak vir Gavin - 083 448 5277 of Elma - 082 647 8948.

KOLLEKTE

Die kollekte in die banke is vir die diens van barmhartigheid. Vandag se **kollektes** gaan by die deure vir **GKSA Sustentasie** en volgende week vir **Kerkkas.** Verlede week se kollektes was **DVB. R2275** en **Dankbaarheidsfonds R1051**

LIEF EN LEED

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.
Jan Bakker (011 849 7766) sterk tans tuis aan na sy heupvervanging.
Anneke Salomon (084 840 4577) ondergaan behandeling teen kanker.
Gideon Hall (072 283 7843) is weer tuis, en herstel mooi, en ontvang waterterapie.

KERKTERREIN

As u die kerkterrein wil ingaan gedurende die week kontak asb. vir Hendrik by 076 666 9907. Die hekke is vir sekuriteit doeleindes gesluit.

BEVESTIGING OUDERLINGE EN DIAKENS.

Die bevestiging van lidmate wat die roeping tot ouderling en diaken aanvaar het sal D.V. op die 18de April, tydens die oggenddiens plaasvind.

SENIORLIDMATE

'n Uitnodiging aan alle seniorlidmate! **Die Palms** kry vir ***YOTI*** die Griekse Boertjie om te kom optree. Woensdag 21 April om 10:00. Kontak Adrie Goede 011 849 9271 of Marié 011 425 3440 vir verdere inligting.

GEREFORMEERDE KERK BENONI
Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel.
Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder- sisteem gebruik te maak. Daar is vorms beskikbaar by Andre Bakker, of Gusta Botes. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

PRAATJIES EN KURSUSSE

Dinsdagaand 13 April kom praat dr Ado Krige met ons oor die Vrymesselaars. Almal is welkom. 19:00 in die kerkgebou

Vanaf 11 tot 15 Mei is daar 'n Apologetiekkonferensie wat aangebied word deur die Kerk-Sonder-Mure in Centurion. Daar is oa 'n debat oor die opstanding van Jesus tussen twee Amerikaanse geleerdes en Sakkie Spangenberg en Hansie Wolmarans (bekende Nuwe Hervorming-voorstanders hier in SA. Die besonderhede is op die kennisgewingbord en blaadjies is by die voordeur beskikbaar.

Vanaf 3 Mei word "Rondom die Kerk" weer aangebied deur Braam. Dit is 'n vinnige oorsig oor die basiese sake in die Gereformeerde godsdiens. Alle voornemende lidmate (opnames, ens) en lidmate wat hulle katkisasiewerk wil opknap word uitgenooi om dit by te woon. So 6 – 8 weke lank, op Maandae 19:00.

SKENKING GEVRA

Die Daveyton-gemeente het 'n dubbeldeur liasseerkas nodig om hul gemeente administrasie te stoor. Indien daar lidmate is wat so kas vir hulle kan skenk, kontak asb. vir René Bosch of Evert Bolt.

BYBELVERSPREIDING

Br. Frans Müller beoog om Bybels in Zimbabwe te versprei. Raak betrokke! Br. Frans het kontak met plaaslike kerke in Zimbabwe waar daar minstens 1 000 Bybels uitgedeel moet word. Die huidige prys vir 'n Bybel is ongeveer
R 47.00. Meer inligting sal binnekort gegee word.

VERSOEK VIR DAMESFIETS

Na aanleiding van die beriggie oor br. Jan Lubbe se betrokkenheid met tronkbediening, en spesifiek die versoek vir die skenk van 'n fiets vir gebruik deur 'n dame wat vrygelaat is en nou weer haar lewe begin opbou: Baie dankie aan die broer en suster wat laat weet het dat hulle 'n splinternuwe fiets vir haar sal borg! *"Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* (Hand 20: 35).

POLSSLAG INLIGTING

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na **polsslag@gkbenoni.co.za** gestuur word. (Polsslag met 'n dubbel "s") Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

OP DIE PROGRAM

Maandag: Bybelstudie Rynpark 9:30
Depressie ondersteuning 19:30
Dinsdag: Addo Krige onderwerp vrymesselaars 19:00 in die kerkgebou
Woensdag: Ouderlinge opleiding 19:00
Donderdag: Hoërskooljeug Bybelstudie 19:00
Gebedsgroep 19:30
Vrydag: Gebedsgroep 5:30
Bybelstudie 8:30
MMA 19:00
Saterdag: Werkdag by kerkgebou, (bome saag en kerkhuis inrig)

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag God jul nuwe lewensjaar seën.

11 Apr. Anna-Gret Amoraal 0833025187
11 Apr. Chris Nothnagel 011 969 1313
12 Apr. Liezl Carstens 011 849 0004
13 Apr. Herman Coetzee 0828051423
14 Apr. Tewie (Snr) Barnard 0833142654
15 Apr. Rina De Jongh 0820424168
15 Apr. Hannes Van Zyl 0834573292
16 Apr. Erika Buma 0828886862
16 Apr. Ina Emmerson 0827807259
16 Apr. Elaine Van Den Berg 0798784429
16 Apr. Chris Van Krieken 0836091039
17 Apr. Liezel Erasmus 0828022264
17 Apr. Ben Steyn 0828210147

GEOPENDE DEURE – EGIPTE REIS

Ons het 5 name van mense wat wil gaan. Marinda, Laurie en Ané, Dirk en Veronica. As nog iemand wil saam gaan moet jy asb. dadelik laat weet!

Ons het R3000 ingekry met die Midmar myl. Daar is nog R500 uitstaande. Die Evangelisasie kommissie sal besluit hoe die geld wat ingesamel is vir Egipte verdeel sal word. Daar was 'n paar veranderinge aan die reëlings. Elkeen wat gaan moet teen 24 Mei R7520 inbetaal vir GD. Dit is vir vliegkaartjies en adminkoste. Op die dag van vertrek moet elkeen $1200 betaal vir die "In-country costs". Die vertrekdatum is nou 20 Sept. en terugkoms 1 Okt. Elkeen wat nog wil saamgaan moet asb. met Veronica kontak maak by 084-2472321 sodat sy vir jou die nodige vorms kan aanstuur.

BEROEPE ONTVANG

Ds. P Fanoy van Ontdekkers na Windhoek.
Dr JH Howell van Heidelberg na Pretoria-Meintjeskop.
Ds. DP Prinsloo van Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool kombinasie na Innesdal

BEROEPE BEDANK

Ds. MJ Erasmus van Pretoria-Wonderboom-Suid na Meyerton.

BEROEPE AANVAAR

Proponent DV Correia na Phalaborwa.
Ds. P Fanoy van Ontdekkers na Windhoek.

MEELEWING

Met leedwese maak ons die afsterwe van ds. HM [Herman] Grobler [emerituspredikant van Potchefstroom-Oos] Sondagoggend 4 April 2010 bekend. Die begrafnis is Donderdag, 8 April 2010 om 10:15 by Pretoria-Oos Begraafplaas en 11:00 by die Geref. Kerk Wapadrand.

Dopper Jeug

VEELS GELUK!

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar!

11 Apr. Carmi Van Der Walt 082 920 1601

TIENER BYBELSTUDIE

Kom kyk na ons nuwe Jeughuis! Al die tieners word hartlik uitgenooi om die huis te kom inwy.

KLASSIS KUIER

Gereformeerde Kerk Benoni bied op 1 Mei 'n groot Klassis Kuier vir al die hoërskool en laerskoolkinders in ons Klassis. Al ons jeug moet asseblief die aksie bywoon! Vir meer inligting kontak Herman Kloppers 073 408 2226

TIENER MIELIEMEELPROJEK

Baie dankie vir die gemeente se ongelooflike ondersteuning met die projek tot dusver. Onthou asseblief om Sondae jou Mieliemeel-skenking in die portaal te sit. Gooi bydraes (duidelik gemerk) in die kollektesakkie.